GROEIGROEP MATERIAAL

10de Maand Dankfees

Toekomsvenster – Ruim hart van vrygewigheid

Opening

Gesels as opening met mekaar oor die volgende:

Hoe sou die wêreld gelyk het as meer mense hulle tyd, talente en skatte met mekaar sou deel?

_____

_____

Inleiding

Gesels saam met mekaar oor die volgende stelling:

"I'ts not what you gather, but what you scatter,

that tells what kind of life you have lived" – Helen Walton

_____

_____

INHOUD & GESPREK

Die belangrikste in rentmeesterskap vir die toekomsvenster waarna ons kyk is:

- Om 'n vrygewige hart te hê (Dit is geloof in die praktyk)
- Om vrygewig te wees wys ons vertroue in die Here op 'n praktiese manier
- Om 'n ruim hart van vrygewigheid te hê gee vir ons vreugde en vrede wat geld nie kan koop nie
- Vryheid en vrygewigheid gaan hand aan hand

Hoekom is dit vir ons vandag moeilik om met 'n ruim vrygewige hart deur die lewe te gaan?

_____

_____

Wat maak julle as groep met die stelling: "Niemand het al ooit armer geword deur te gee nie"

_____

_____

KOM ONS LEES

- Jakobus 2:14-17, 26

- Matteus 6:19-21

- Johannes 15:12-13

Wat staan vir jou uit in die tekste? Wat wil die Here vir jou sê?

_____

_____

Rick Warren gee die volgende 6 punte waarom vrygewigheid belangrik is vir God. Gesels oor elkeen en brei op hulle uit. Maak hulle prakties van toepassing op jou lewe.

1. Vrygewigheid eer God
2. Vrygewigheid bring my nader aan God
3. Vrygewigheid maak my meer soos Jesus
4. Vrygewigheid is die enigste genesing vir Materialisme
5. Vrygewigheid wys my karakter
6. Vrygewigheid bring invloed

_____

_____

_____

_____

Gesels saam oor die volgende woorde: "*Ek kan gee sonder om lief te hê maar iemand kan nie liefhê sonder om te gee nie"*

_____

_____

Wat maak vrygewigheid by Christene anders as ander mense?

_____

_____

Slot

Wat wil die Here vir jou sê i.t.v jou eie vrygewigheid en julle as groep se vrygewigheid?

_____

_____

Gebed

Bid saam vir Kerk-in-Suid se 10de Maand Dankfees.

Op 4 November 2018 staan ons op R 185 010 -00 van die R360 000 waarvoor ons glo en vertrou.

Hierdie geld gaan vir die opbou en uitbou van God se koninkryk in en om Kerk-in-Suid as gemeente.

Soli deo Gloria